

*Verwerpings
Gebede*

I am convinced
that neither
DEATH
NOR LIFE,
neither
angels nor demons,
neither
the present
nor the future,
nor any powers,
neither height
nor depth
nor
ANYTHING
else in
all creation,
will be able to
separate us from
the
love of
that is in God
Christ Jesus our
L O R D .

Romans 8:36,39

Inhoudsopgawe

	<i>Bl</i>
<i>Belydenis en verwerping van familie sondes</i>	2
<i>Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Ou/Nuwe Apostoliese Kerk van Afrika</i>	3
<i>Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Vrymesselaars</i>	6
<i>Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Mormoonse Kerk</i>	9
<i>Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Jehova se Getuies</i>	11
<i>Gebed om Seksuele Eenwording af te sny</i>	14
<i>Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Rooms Katolieke Kerk</i>	15
<i>Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Sewende Dag Adventisme</i>	18
<i>Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van Karate</i>	20
<i>Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van Joga, Reïnkarnasie, Meditasie Tegnieke en Asemhalingstegnieke</i>	22
<i>Gebed vir genesing van herinneringe (maak hierdie jou persoonlike gebed)</i>	26

Belydenis en verwerping van familie sondes

My dierbare hemelse Vader, ek kom na U toe as u kind wat met die bloed van Jesus Christus gekoop is. Ek verwerp en verloën hier en nou al die sonde van my voorgeslagte tot die derde en vierde geslagte.

Vader God, ek vra om vergifnis vir al ons familie sonde en ek bely nou hierdie sonde tot in die derde en die vierde geslag. Ek laat staan nou hierdie sonde, en met hierdie gebed sny ek dit af van myself en my saad, asook van my saad se saad. In die Naam van Jesus kap ek die wortels wat hierdie sonde in my familielyn het af, en breek ek die mag van hierdie ongeregtheid.

Ek breek nou die familie vloek van armoede, siekte, krankheid en minderwaardigheid in die Naam van Jesus. Dankie dat U in die Naam van Jesus vir my, asook my nageslag, bevry. In geloof smeer ek nou die bloed van die Lam oor my nageslag. Ek gebied enige vrug wat hierdie sonde van my voorgeslagte in my lewe, of die van my kinders, mag hê, om te verdroog en te sterf.

Here, ek gee myself nou, net soos ek is vir U. Help my om duidelik die dinge te onderskei wat verhoed dat ek u stem kan hoor. Wys my die plekke in my lewe waar ek seergekry het, of waar daar bitterheid mag skuil. Was my skoon van alle ongeregtheid met u kosbare bloed. Doen wat U nodig vind om my weer heel te maak. Was al die oortredinge van my voorgeslagte uit my uit.

Here, ek bid dat U al die negatiewe uitwerkings wat my voorgeslagte se sondes op my gehad het, weg sal was. Reinig my van my sondes van die verlede en die hede.

Ek gee U nou toestemming om met my te verander, te genees, te herstel en te bevry van enige bindinge in my lewe. Soos Dawid in Psalm 51:10 bid ek: "Skep in my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees."

Amen

Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Ou/Nuwe Apostoliese Kerk van Afrika

Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus van Nasaret en ek bely dat Jesus my Heer en Meester is. Sy Bloed het my verlos, Sy lewe is binne-in my en dat ek 'n Kind van God is.

- Ek verwerp my geloof in die Ou/Nuwe Apostoliese Kerk en die Apostels, Profete, Evangeliste, Opsieners, Oudstes, Priesters en Onder Diakens.
- Ek verwerp die doop met besprinkeling tot bekering, die Avondmaal waardeur ek vergifnis van sonde verkry en die heilige verseëling deur die handoplegging van die apostel.
- Ek verwerp die bediening van die drie heilige sakramente aan die siele in die doderyk deur middel van die lewende vir die dode.
- Ek verwerp lidmaatskap as “sielebruid”.
- Ek verwerp die vergifnis van sonde wat die apostel oor my uitgespreek het.
- Ek verwerp elke nagmaal wat slegs deur die apostel bedien kon word.
- Ek verwerp die reg wat ek aan die apostel gegee het om die genade en wil van God aan my bekend te maak.
- Ek verwerp die leer van die apostel.
- Ek verwerp dat ek deur woord en daad my onderwerp het aan die kragte wat in die gemeente gestel is.
- Ek verwerp die ontvangs van die teken van die “heilige kruis” op my voorkop en bors, enige beskerm engele, die openinge van die derde oog of enige toegang tot die gees dimensie.
- Ek verwerp enige erkenning wat aan die apostel gegee word om die genade van God te administreer.
- Ek verwerp enige valse doop met onheilige vuur.
- Ek verwerp my ouers as my “verlossers” asook enige belofte wat ek afgelê het as “verlosser” van my eie kinders.
- Ek verwerp dat my ouers my sonder vlek of rimpel aan die Here moet gee asook enige soortgelyke belofte wat ek as ouer gemaak het. (Bloed van Jesus word geïgnoreer.)
- Ek verwerp enige beloftes gemaak, om my eie kinders groot te maak volgens die wil van God bekend gemaak deur Sy apostel en as ek self so grootgemaak is.
- Ek verwerp elke handoplegging van enige apostel.
- Ek verwerp die valse leer van die besprinkeling tot bekering en reiniging van die hart asook die doping met die Heilige Gees en vuur om sodoende 'n kind en erfgenaam van God te wees.

- Ek verwerp elke “herder” van my siel in die gemeente.
- Ek verwerp die heilige verbond wat ek gemaak het met die aanvaarding van die verantwoordelikheid as ‘n lid van die gemeente. Ek kanselleer die getuienis teen my asook die verseëling van die nagmaal met my bevestiging.

HUWELIK

- Ek verwerp die gesag van die apostel asook sy seëninge uitgespreek.
- Ek verwerp ‘n ware liefde (tot die einde) vir die apostel kerk.

DANKSEGGING EN SEËN VAN DIE OES

- Ek verwerp volharding in die leer van die apostel

BEGRAFNIS

- Ek verwerp enige gebed vir die dooies. (Egiptiese rituele)

GELOOFSBELYDENIS

- Ek verwerp die apostel as leermeester, middelaar en verteenwoordiger.
- Ek verwerp my geloof in die apostel as die een wat die sleutels van die koninkryk het en ook die outoriteit wat hy het om die koninkryk oop of toe te sluit soos hy wil.
- Ek verwerp my geloof in die apostel dat hy die lig vir die nasies is en dat slegs hulle die Evangelie kan verkondig.
- Ek verwerp my geloof in die apostel dat hy die enigste weg is om die Vader of Christus te sien.
- Ek verwerp die apostel as middelaar (in plaas van Christus).
- Ek verwerp dat die hemel ‘n toestand is van sielerus, saligheid en vrede en dat ek dit sal smaak as ek myself verneder en in die huis van die Vader klein word soos ‘n kind.
- Ek verwerp alle mense verering/aanbidding (die apostel).
- Ek verwerp die ontkenning van die wederkoms van Christus en dat ek gesê het Hy het alreeds vir elkeen gekom.
- Ek verwerp die ontkenning dat Christus nie op natuurlike wolke sal kom nie en dat ek geglo het dit is dieselfde hemel waarin die kinders van God woon – dit is die wolke van getuienis wat ons rondom ons het.
- Ek verwerp my geloof in die apostel dat mag aan hom gegee is om te oordeel en ek breek nou alle vloeke wat hy oor my uitgespreek het in die Naam van Jesus.
- Ek verwerp die fondament wat die apostel in my gelê het en ek verbreek die seël van sy apostelskap oor my in die Naam van Jesus Christus.
- Ek verwerp die leuen dat die doop ‘n proses is waardeur die siel opgebou en gevoed word.

VERSEËLING

- Ek verwerp die sakrament van die heilige verseëling waardeur God my ongeregtighede wegsluit. (Job. 14:17)
- Ek verwerp enige gees wat ek ontvang het van insig en opklaring deur die handoplegging van die apostel.
- Ek verwerp die fondament wat vasgelê is met hierdie seël op my voorkop asook die vloek dat ek hel toe sal gaan sonder hierdie seël.

Dankie Here, dat U my nou vrymaak. Dankie dat daar net een middelaar is en Sy Naam is Jesus.

Dankie vir die Bloed van Jesus wat my reinig.

Dankie vir die Swaard van die Gees wat my nou lossny van die Ou/Nuwe Apostoliese Kerk van Afrika.

Ek prys U naam vir die waarheid wat my vrymaak!

In die Naam van die Here Jesus Christus!

AMEN

Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Vrymesselaars

In die Naam van die Here Jesus Christus en met die gesag wat ek as 'n gelowige in Hom besit, verklaar ek dat ek losgekoop is uit die hand van die satan. Deur die Bloed van Jesus is al my sondes vergewe.

Die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, reinig my nou van alle sonde. Daardeur is ek regverdig asof ek nog nooit gesondig het nie.

Deur die Bloed van Jesus is ek geheilig en gereinig, afgesonder vir die Here – ek is 'n lid van 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat my uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig. (1 Pet. 2:9)

My liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees, losgekoop en gereinig deur die Bloed van Jesus.

Ek behoort aan die Here Jesus Christus, gees, siel en liggaam.

Sy Bloed beskerm my van alle boosheid. In Jesus Naam bely ek nou dat ek skuldig is aan die sonde van afgodery in die leer van Vrymesselary. (1 Joh. 1:9)

In ooreenstemming met die Here noem ek hierdie betrokkenheid sonde en vra Hom om dit alles uit my lewe en ook uit my gesinslewe te verwyder.

In die Naam van Jesus bestraf ek enige en alle leuengeeste asook geeste van misleiding van Vrymesselary wat nog dink dat hulle 'n houvas op my of my gesin het. (Jak. 4:7)

In die Naam van Jesus verwerp ek die prinsgeeste van Vrymesselary, naamlik:

<u>Baäl</u>	Songod
<u>Jahbalon</u>	Onheilige drie-eenheid
<u>Baphomet</u>	Seksgod – antichris
<u>Tubalcain</u>	Moord, bloedvergieting

Ek verklaar dat julle geen meer mag oor my het nie omdat ek losgekoop en duur voor betaal is deur die Bloed van Jesus wat op Golgota gevloei het.

In die Naam van Jesus verwerp ek enige en elke eed wat by die altare van Vrymesselary gesweer is, onder andere:

- Dat my hart uitgesny sal word indien ek die geheimenisse van Vrymesselary sou verklap;
- Dat my keel van oor tot oor oopgesny sal word indien ek die geheimenisse van die Vrymesselary sou verklap;
- Dat my ingewande uitgetrek sou word en aan die wilde diere gevoer sou word indien ek die geheimenisse van die Vrymesselary sou verklap;

- Dat my liggaam in die growwe sand van die see by die laagwatermerk begrawe sou word waaroor die gety van die see 2 keer in 24 uur sou spoel indien ek die geheimenisse van Vrymesselary sou verklap; en
- Dat my tong by die wortels uitgetrek sou word indien ek die geheimenisse van Vrymesselary sou verklap.

Ek verwerp en verbreek die kode van stilswye in die Naam van Jesus Christus.

Ek verbreek enige en elke sielsverbintenis wat met die Broederskap gesluit is asook met enige individuele persoon/persone in die Naam van Jesus Christus.

Ek verwerp elke verbond en/of bloedverbond wat gesluit is en kanselleer dit uit in die Naam van Jesus Christus.

Ek vra Here dat as daar enige bloed is wat teen my getuig in die gees dimensie, dat U dit asseblief met die Bloed van Jesus sal stilmaak. Dankie vir die Bloed van Jesus wat my vrymaak!

Ek verwerp enige trou wat ek aan die organisasie gesweer het in Jesus Naam.

Ek kanselleer alle rituele uit waaraan ek deelgeneem het, onder andere:

- Die tou om die nek (die koord van die “lewe”) wat beteken het dat ek nou aangeneem is in Lucifer se familie. Ek verbreek nou hierdie verbinding in die Naam van Jesus en vra dat U, Vader my nou sal aanneem en die aannemingspapiere uit Lucifer se hande sal neem;
- Die blinddoek op my oë wat met die afhaal daarvan my derde oog oopgemaak het. Ek verwerp hierdie ritueel en vra dat U Here my derde oog sal verseël met die Bloed van Jesus; en
- Die Vrymesselaars “doop” (3 keer “onderdompeling”) in ‘n doodskis en die opstaan as ‘n Vrymesselaar (sterf met die Vrymesselaar – “Christus” – Baäl of Tammuz – hy word ook met hom opgewek) – ek verwerp ook die geheime woord (“Mah Hah Bone”) wat in hierdie ritueel aan my gegee is waardeur ek “opgewek” is.

Ek verbreek die sielsverbintenis wat met die gees van die dood gesluit is in die Naam van Jesus Christus van Nasaret. Ek sny myself en my gesin los van hierdie gees en breek die kontrak wat met hom aangegaan is in Jesus Naam.

In die Naam van Jesus verwerp ek die okkultiese voorwerpe van die (“Square and compasses” – seksuele organe) pentagram, die letter “G” wat van die oudste vorme van afgodery in die geskiedenis is.

Ek verwerp ook alle simbole en juwele van Vrymesselary in Jesus Naam en verklaar ‘n egskeiding met die organisasie. (Vernietig ring fisies asook in die gees)

Ek verwerp elke voorskoot (Lucifer se priesterskap – voorhangsel in Salomo se tempel) wat ontvang en gedra is tydens rituele asook die range wat die voorskote voorgestel het. In die Naam van Jesus gee ek daardie range terug!

Ek verwerp die Vrymesselaarshanddruk, posisie van voete of enige ander vorm van identifikasie as een van hulle in die Naam van Jesus Christus.

Ek verwerp in die Naam van Jesus die Vrymesselaar se geloof in die tempel van Salomo asook die sleutels van Salomo.

Ek verwerp enige kontakpunte waar my familienaam geskrewe staan in enige Vrymesselaarsboeke, kliptafels, Egiptiese naalde, ens. in die Naam van Jesus asook alle getuies teenwoordig by die rituele, fisies en in die gees.

Ek verwerp die “al siende oog” van Lucifer, die mag van die piramide asook die hele Vrymesselaarshiërargie. Ek sny myself los van enige verbintenis met Egipte en die aanbidding van hulle seksgode verwerp en kanselleer ek uit in die Naam van Jesus.

Ek verbreek alle vorme van slawerny op my lewe afkomstig van Vrymesselary in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ek verbreek die sielsverbintenis met die meester en verbreek ook sy gesag oor my lewe in Jesus Naam. Ek verwerp ook die “vyf punte van gemeenskap”.

In die Gesags Naam van Jesus Christus verander ek nou elke vloek in ‘n seën! Dankie Here!

Deur die Krag van Sy Bloed breek ek ook enige bloedlynsonde en binding wat my moontlik bind deur ede wat my ouers of voorgeslagte afgelê het (Eks. 20:5) en ek nael hierdie dinge vas aan die Kruis van Christus (Kol. 2:14).

Ek verbreek elke vloek van vrymesselary oor my lewe.

Ek verbreek die vloek van onvrugbaarheid in die Naam van Jesus.

Ek verbreek die vloek van siektes in die Naam van Jesus.

Ek verbreek die vloek van armoede in die Naam van Jesus.

Ek verbreek ook enige en alle mag van die duiwel deur hierdie ede oor my kinders en kleinkinders en beveel hom om hulle uit te los omdat hulle onder die Bloed van Jesus is.

Ek vra ook dat die Here met die Bloed van Jesus moontlike sondes van ‘n buite egtelike kind in die bloedlyn sal reinig tot en met die tiende geslag (Deut. 23:2).

As gevolg van die Bloed van Jesus het satan geen meer mag oor my of oor my gesin nie en het geen meer plek in ons nie.

Ek verwerp satan en sy trawante geheel en al en verklaar hulle as my vyande. Jesus het gesê: “Vir die wat glo sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitjaag ...” (Mark. 16:17).

Ek is ‘n gelowige en in die Naam van Jesus gebruik ek nou my gesag en verdryf alle bese geeste. Ek beveel hulle om my nou te verlaat volgens die Woord van God en in die Naam van Jesus.

Ek vergeet die dinge wat agter my is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus (Fil. 3:14).

In die Naam van Jesus Christus alleen.

AMEN

Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Mormoonse Kerk

My Hemelse Vader,

Ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus U Seun. Ek erken dat ek in 'n dwaalleer betrokke was en vra U vergifnis. Dankie dat U Bloed my reinig en heilig. Dankie dat U Woord die Waarheid is en die kennis van die Waarheid maak my vry!

- Ek breek met my geloof in die Boek van die Mormoon wat opgestel is deur Joseph Smith op grond van 'n ontmoeting met die engel Moroni en erken dat ek gesondig het deur dit by die Woord van God te voeg.
- Ek verwerp my misleidende geloof dat hierdie Boek van die Mormoon die bevestiging en die getuie van die Bybel is. Ek sny myself los van al Joseph Smith se dwaalleringe.
- Ek verwerp en maak my los van twee Prinsgeeste wat oor die Mormoonse Kerk heers naamlik Moroni en Manasseh.

Ek sny myself los van hierdie twee in die Naam van Jesus.

- Ek verwerp die leerstelling dat:
 - 1) Die Godheid drie aparte eenhede is;
 - 2) God 'n liggaam van vlees het en dus beperk is tot een plek op enige gegewe tydstip;
 - 3) Jesus die eersgeborene van God se kinders is en dat Sy posisie as God slegs bestaansreg het as gevolg van Sy gehoorsaamheid;
 - 4) Jesus se versoeningswerk nie mense red nie, maar die aarde van die dood verlos;
 - 5) Jesus net vir Adam se sondes gesterf het;
 - 6) Dat ons sondes alleenlik deur die doop weggewas word;
 - 7) Dat die Heilige Gees beperk is tot slegs een plek op enige gegewe oomblik;
 - 8) Dat die Heilige Gees die reinste en mees verfynde van alle bestanddele is, 'n goddelike vloeistof; en
 - 9) Dat elke mens 'n god is oor sy geestelike ondergeskiktes.
- Ek bely dat God die Vader, die Seun en die Heilige Gees EEN wese is, al funksioneer Hulle as aparte Persoonlikhede.
- Ek bely dat die Bloed van Jesus Christus ons van alle sonde reinig - Sy offer was volmaak!
- Ek verwerp die leerstelling dat Adam se sondeval geen effek op die mensdom het nie, en dat elke persoon slegs vir sy eie sondes gaan boet.

- Ek verwerp die leerstelling dat Adam se sondeval ewige blydskap en geluk gebring het en erken dat die Woord van God sê dat ons in sonde ontvang en gebore is en dus sonder bekering is die loon van die sonde die dood.
- Ek verwerp die leerstelling dat ek deur die doop die ewige lewe sal beërwe. Ek verwerp ook die leuen dat die lewendes gedoop kan word in die plek van die afgestorwenes.
- Ek bely dat die doop van onderdompeling in water 'n stap van gehoorsaamheid is en nie 'n vereiste vir saligheid is nie.
- Ek verwerp die leerstelling dat:
 - Daar 'n hoogste hemel is waar die mees voorbeeldigste gelowiges sal woon en regeer oor ander gelowiges in dieselfde verhouding as God die Vader met ons;
 - Daar 'n tweede aarde is waar gelowiges wat nie staande gebly het nie, asook al die wat nie die Here aangeneem het nie, en ook die wat nie die Wet nagekom het nie, sal bewoon; en
 - Daar 'n plek voorberei is (Perdition) slegs vir satan, sy gevalle engele asook diegene wat die onvergeeflike sonde gepleeg het.
- Ek bely dat daar 'n hel is waar satan, sy gevalle engele en diegene wat die Here nie aanneem nie, sal gaan en bly tot in ewigheid.
- Ek bely dat daar 'n hemel is waar die geredde mense sal woon.
- Ek verwerp die beginsel van veelwywery en die implikasie dat die aantal vrouens in verhouding staan tot die vlak van geestelikheid.
- Ek verwerp die leerstelling dat geen vrou hemelse heerlijkheid sonder haar man kan bekom nie asook dat die man dit ook nie kan bereik tensy hy ten minste één gehad het nie.
- Ek verwerp die twee hoofrade waaruit die kerk bestaan, naamlik Aaron se Priesterskap en die Orde van Melgisedek. Ek erken dat die Woord van God leer dat elke gelowige 'n priester en koning is, en dat enige een geroep en gesalf kan word deur die Here om in die bediening te staan.
- Ek sny myself los van die Mormoonse Kerk in die Naam van Jesus.

Dankie Here, ek is verlos deur die Bloed van die Lam en deur die Woord van my getuienis!
(Open. 12:11)

AMEN

Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Jehova se Getuies

My Hemelse Vader,

Dankie dat ek na U toe kan kom in die Naam van Jesus. Dankie dat U my oë oopgemaak het en my oortuig het van hierdie dwaalleer. Dankie dat U my vergewe en dat die Bloed van Jesus my reinig en heilig.

- Ek verwerp die reg dat daar slegs een mens is wat die Bybel kan interpreteer naamlik Mnr. Russel en elke interpretasie wat hy gemaak het.
- Ek verwerp die leerstelling dat:
 - Jesus Christus nie deel is van die Drie-eenheid nie;
 - God Jesus eerste geskape het;
 - Migael, die aartsengel, die enige gebore seun van God is;
 - Jesus nie God is nie, maar Migael, wat deur Maria gebore is as die eersgebore seun van God;
 - Die Heilige Gees nie 'n persoon is nie, maar 'n aktiewe krag is wat God gebruik om te verseker dat Sy Wil geskied; en
 - Die begrip van die Drie Enigheid van God direk van satan kom.
- Ek bely dat God die Vader, die Seun en die Heilige Gees een wese is, al funksioneer Hulle as aparte Persoonlikhede.
- Ek verwerp die leerstelling van "Judge" Rutherford dat die mens slegs uit 'n siel bestaan en bely dat die mens volgens 1 Thess 5:23 gees is, hy het 'n siel en hy woon in 'n liggaam .
- Ek verwerp die leerstelling dat:
 - Jesus 'n perfekte menslike lewe neergelê het om my aardse lewe terug te koop, dat Sy lewe nie vir sonde en oordeel neergelê is nie, maar om vir my 'n tweede kans te gee;
 - Dit nie nodig was vir Jesus se Bloed om te vloei vir sonde nie; en
 - Dat Sy lyding en kruisdood nie saak gemaak het nie, maar die feit dat Hy as mens totaal vernietig is.
- Ek bely dat die kruisdood van Jesus die volle prys betaal het vir my:
 - Sonde deur Sy bloed;
 - Krankhede - want deur Sy wonde is ek genees; en
 - 'n Vloek geword het sodat ek vrygekoop is van die Wet van sonde en oordeel en dat geeneen na die Vader toe kan kom indien hy nie Jesus Christus as sy persoonlike Saligmaker aanvaar het nie.

- Ek verwerp die leerstelling dat:
 - Ek nie weergebore moet word nie omdat Jesus vir my 'n tweede kans gegee het;
 - Slegs 144 000 gelowiges die seën van die hemel sal ervaar en dat die res van die gelowiges ewige lewe op aarde sal hê indien hulle hul getrouheid bewys deur hulle geloof en getroue diens;
 - Diegene wat getrou is met dienswerk op aarde hoef nie weergebore te word nie, aangesien hulle die belofte van ewige lewe op aarde het; en
 - Die mens het nie die hemel gemis as gevolg van sonde nie, maar het die aardse paradys daardeur verloor.
- Ek bely dat volgens Johannes 3 ek weergebore moet word om die ewige lewe te beërwe en dat alle weergeborenes by die wederkoms van Christus weer sal opstaan (1 Kor. 15:12-18).
- Ek bely dat ek die Ewige Lewe het, uit genade is ek gered deur geloof en nie deur werke nie, dit is die gawe van God (Efes. 2:8-9).
- Ek verwerp die leerstelling van “Judge” Rutherford dat:
 - Daar geen hel is nie;
 - Die siel onaktief en dood is wanneer jy sterf en dus glad nie hel toe gaan nie – jy bestaan net nie meer nie (siele slaap); en
 - Met die opstanding sal daar 'n tweede kans wees.
- Ek bely dat daar 'n hemel en 'n hel is en dat God 'n nuwe aarde en 'n nuwe Jerusalem sal skep vir die regverdiges. Die onregverdiges sal vir ewig in die hel ly.
- Ek bely dat na die dood kom die oordeel (Heb. 9:27).
- Ek bely dat God regverdig is en sal die sonde straf.
- Ek bely dat daar 'n opstanding van die heiliges is.
- Ek verwerp die interpretasie dat Christus in 1874 teruggekeer het aarde toe en weer opgevaar het hemel toe in 1914 en dat ons nou in 1 000 jaar van vrede leef.
- Ek bely dat die wederkoms van Jesus nog moet plaasvind.
- Ek verwerp die werksbeleid dat ek as nuwe lidmaat ook 'n arbeider moet word. Ek lê neer hierdie juk van slawerny in Jesus Naam.
- Ek verwerp die oordeel wat ek uitgespreek het dat net die Jehova se Getuies reg is en dat ek alle ander kerke as Babilon bestempel het, as uit die bouse, en onder die beheer van die duiwel.
- Ek verwerp die vloek wat Russel het dat as ek die Bybel lees en die “Studies in the Scriptures” verontagsaam, dat ek binne twee jaar in die Duisternis sal wees.

- Ek maak myself los van elke leerstelling van Russel en breek elke vloek oor my gees, siel (wil, emosies en denke) en liggaam in Jesus Naam.
- Ek verwerp ook elke valse leerstelling van “Judge” Rutherford en erken dat dit ‘n dwaalleer is.
- Ek erken dat die skrifte wat gebruik is uit hulle verband geneem is en verdraai is tot hulle eie verderf (2 Pet. 3:16).
- Ek verwerp die leuen dat Jesus ‘n God is maar nie God nie asook die ontkenning van Sy volmaakte middelaarskap.
- Ek bely dat Hy God is asook my **ENIGSTE WEG** na die Vader.
- Ek bely dat Hy liggaamlik uit die graf uit opgestaan het en verwerp en verloën die leuen dat Sy liggaam in gasse opgelos was of iewers bewaar word as ‘n gedenkteken.
- Ek verwerp die leerstelling dat God se oordeel slegs ‘n proeftydperk vir die lewe beteken en dat dit vir ‘n 1 000 jaar duur.
- Ek bely dat dit ‘n bepaalde dag is wanneer elke mens voor God sal staan om geoordeel te word (Mat. 25:31, 32, 41). Daar is ‘n ewige straf vir die ongelowiges.

Dankie vir U vergifnis en verlossing.

Ek vra, Vader, dat U my verstand (bewussyn en onderbewussyn) sal reinig van alle leuens en dat U Heilige Gees my verder sal leer en lei aangaande die volle waarheid.

Reinig my gees, siel en liggaam en sny my asseblief los van enige verbintnisse met hierdie dwaalleer in Jesus Naam. Verbreek asseblief alle vloeke oor my en my gesin in Jesus Naam.

Dankie vir U Woord en die Bloed van Jesus!

AMEN

Gebed om Seksuele Eenwording af te sny - Getroudes

Vader, in die Naam van Jesus, onderwerp ek my siel, my begeertes en my emosies aan U Heilige Gees. Ek bely al my losbandigheid, voorhuwelikse seks, en alle buite huwelikse seksuele verhoudinge as sonde. Ek bely al my goddelose gees-, siel en liggaamskoppeling as sonde. Ek dank U dat U my nou vergewe en reinig met die Bloed van Jesus.

Vader, dankie dat U aan my die sleutels van U Koninkryk gegee het, die sleutels van geestelike gesag.

Wat ek volgens U wil bind op aarde word gebind en wat ek losmaak word losgemaak.

In die Naam van Jesus vra ek U om my los te maak van alle sielsverbintenisse met vorige seksmaats en goddelose verhoudinge.

Ontwortel asseblief alle tentakels van seksuele slawerny of emosionele verlanse en afhanklikheid asook alle verslawende gedagtes. Ek bind, verloën en weerstaan alle bose geeste wat hierdie sielsverbintenisse versterk of wat aan my oorgedra is deur al my bose assosiasies. Ek sny my af van alle verhoudinge in my gees, siel en liggaam en ek gebied elke gees wat deur my verhoudinge 'n houvas in my lewe gekry het, om my te verlaat en te gaan waar Jesus julle stuur.

Vader, reinig my emosies asseblief en help my om alle onwettige eenwording te vergeet, sodat ek vry kan wees om my hele wese aan U en my huweliksmaat te gee.

Vader, ek ontvang U vergifnis vir al my seksuele sondes uit my verlede. Ek glo dat ek volkome vergewe is. Dankie dat U my reinig van alle ongeregtheid.

Ek onderwerp myself volkome aan U. Deur U genade vra ek dat U my sal heilig hou in my gees, siel en liggaam.

Ek prys U Naam.

In Jesus Naam vra ek U al hierdie dinge.

AMEN

Gebed om Seksuele Eenwording af te sny - Ongetroudes

Vader, in die Naam van Jesus, onderwerp ek my siel, my begeertes en my emosies aan U Heilige Gees. Ek bely al my losbandigheid, voorhuwelikse seks, en alle buite huwelikse seksuele verhoudinge as sonde. Ek bely al my goddelose gees-, siel en liggaamskoppeling as sonde. Ek dank U dat U my nou vergewe en reinig met die Bloed van Jesus.

Vader, dankie dat U aan my die sleutels van U Koninkryk gegee het, die sleutels van geestelike gesag.

Wat ek volgens U wil bind op aarde word gebind en wat ek losmaak word losgemaak.

In die Naam van Jesus vra ek U om my los te maak van alle sielsverbintenisse met vorige seksmaats en goddelose verhoudinge.

Ontwortel asseblief alle tentakels van seksuele slawerny of emosionele verlange en afhanklikheid asook alle verslawende gedagtes. Ek bind, verloën en weerstaan alle bose geeste wat hierdie sielsverbintenisse versterk of wat aan my oorgedra is deur al my bose assosiasies. Ek sny my af van alle verhoudinge in my gees, siel en liggaam en ek gebied elke gees wat deur my verhoudinge 'n houvas in my lewe gekry het, om my te verlaat en te gaan waar Jesus julle stuur.

Vader, ek ontvang U vergifnis vir al my seksuele sondes uit my verlede. Ek glo dat ek volkome vergewe is. Dankie dat U my reinig van alle ongeregtigheid.

Ek onderwerp myself volkome aan U. Deur U genade vra ek dat U my sal heilig hou in my gees, siel en liggaam.

Ek prys U Naam.

In Jesus Naam vra ek U al hierdie dinge.

AMEN

Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Rooms Katolieke Kerk

My Hemelse Vader,

Ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus U Seun. Ek erken dat ek in 'n dwaalleer betrokke was en vra U vergifnis. Dankie dat U Bloed my reinig en heilig. Dankie dat U Woord die Waarheid is en die Waarheid maak my vry!

- Ek verwerp die sakrament van die kinderdoop en die geloof dat dit een van die sewe kanale is waardeur ek gekoopt het om gered te word.
- Ek verwerp die uitdrywing van bose geeste deur die priester met die salwing van olie en die sout in my mond wat my sou bewaar in die toekoms van bose geeste.
- Ek verwerp die geloof dat die kinderdoop my gereinig het van alle oorspronklike sonde en dat ek daardeur 'n kind van God gemaak is en erfgenaam van die hemel geword het mits ek in genade sou sterf.
- Ek verwerp die geloof dat ek met die kinderdoop weergebore is en ook my lidmaatskap as 'n lid van die Rooms Katolieke Institusie asook my onderwerping aan al die wette van die Rooms Katolieke Kerk.
- Ek verwerp my lojaliteit aan die Vatikaan en die juk van slawerny wat op my geplaas is deur die Rooms Katolieke Kerk.
- Ek verwerp die sakrament van belydenis aan die priester/vader en elke opdrag wat hy my gegee het wat ek uitgevoer het om te betaal vir vergifnis (bv. sekere hoeveelheid "hail Mary's"). Ek sny my los van die wortels van hierdie praktyk naamlik aanbidding van die songod, Baäl in Babilon.
- Ek verwerp die onbybelse kerkstrukture naamlik die pous, monnike, nonne, priesters asook elke standbeeld, kerse, heilige water en godsdienstige kostuums wat gebruik word.
- Ek verwerp die gebruik van die nagmaal bekend as die sakrament van die heilige Eucharistie. Ek verwerp die geloof dat die broodjie werklik die liggaam, die bloed en goddelikheid van Christus word en dat ek dit aanbid het as God self.
- Ek verwerp die wortels van hierdie praktyk naamlik Baäl aanbidding in Babilon en later ook in Egipte waar die songod Oswiris aanbid is. (Ronde koeke gemaak van ongesuurde brode is geseën deur die priester en het "bonatuurlik" verander in die vlees van hulle god).
- Ek verwerp elke mis wat ek bygewoon het. Ek verloën die geloof in die priester dat hy so kragtig was om Jesus uit die hemel te trek, Hom weer te kruisig en Hom weer te offer gedurende die mis. Ek bely die aanbidding van 'n valse Jesus en vra om vergifnis van hierdie sonde.
- Ek verwerp die inskripsie op die broodjie: I.H.S. (in Egipte – 3 gode naamlik Isis, Horus en Seb).
- Ek verwerp die buiging voor en aanbidding van die broodjie as God.

- Ek verwerp die wet wat ingestel is deur die Raad van Trent dat daar 'n doodsvonnis rus op diegene wat nie glo dat die ronde broodjie werklik God is nie – ek sny myself los van daardie vloek in die Naam van Jesus en bely dat die elemente slegs simbolies is.
- Ek verwerp die geloof dat ek geglo het ek eet die Skepper van die Heelal tydens die Nagmaal. Ek verwerp die valse leerstelling dat ek daardeur Jesus “ontvang” het.
- Ek verwerp die aanhoudende offer van Jesus op die Kruis en bely dat Hy EEN maal geoffer is en dit was 'n volmaakte volkome offer!
- Ek verwerp die sakrament van aanneming en bevestiging wat leer dat dit my “vervulling met die Heilige Gees” is.
- Ek verwerp my burgerskap aan die kerk en enige ander eed wat ek gesweer het om trou te bly.
- Ek verwerp die stelling van die Raad van Trent wat sê as enige iemand sekerheid van saligheid bely, is hy 'n versoeking. Ek verbreek daardie vloek in die Naam van Jesus.
- Ek verwerp die geloof in die plek van die vagevuur waar die siel vir 'n tydperk ly voordat hy hemel toe gaan. Ek bely my geloof in die leuen om geld te betaal om so 'n persoon daar uit te kry en ek vra om vergifnis daarvoor in Jesus Naam.
- Ek bely enige gebede vir die dooies as 'n sonde en erken dat God se Woord leer dat ons nie afgestorwenes mag raadpleeg nie (Deut. 18:10-12).
- Ek verwerp die geloof in Maria wat oorspronklik Semiramis genoem is en later ook Isis en Venus asook alle gebede wat ek tot haar gerig het. (L.W. Dit is nie die Maria van die Bybel nie.)
- Ek bely die ontering van die Bloed van Jesus. Ek bely die ydele herhaling van woorde, gebede met bidsnoere, gebede aan heilige sinte (in werklikheid demone), buiging voor beelde, aansteek van kerse en sprinkeling van “heilige water”.
- Ek verwerp die heilige sint wat aan my toegeskryf is as 'n beskermmer (bewaarder). Ek sny myself los van hom in die Naam van Jesus.
- Ek erken en bely dat daar net EEN middelaar is en Sy Naam is Jesus Christus van Nasaret. Ek bely dat Hy die ENIGSTE WEG is na die Vader (Joh. 14:6).
- Ek verwerp my geloof in die pous dat hy die sleutels tot die lewe en die dood besit. Ek bely dit behoort aan Jesus Christus ALLEEN!
- Ek verwerp my geloof in die pous as die hoof van God se Koninkryk op aarde.
- Ek verwerp my geloof in die leuen dat Petrus die rots is waarop die kerk gebou is. Ek bely dat Jesus Christus die Rots is!
- Ek verwerp die twee pilare waarop die kerk staan naamlik Apostoliese opvolging (begin met Petrus) en Temporale mag (Pous het outoriteit oor die konings op die aarde). (Pous groet met twee vingers op gehou.)

- Ek verwerp alle aanbidding van die vrou (Semiramis – “Maria”) wat satan se orde op aarde wil bevestig (in die kerk en in die gesinne).
- Ek sny myself los van die hele stelsel van die Rooms Katolieke Kerk insluitende: Beheer van wêreld ekonomie – De Jesuits, Die Illuminati, Die Mafia, Die Klub van Rome, Die Vrymesselaars, Internasionale Bankiers, elke vorm van hoerery, valse Christus en Antichris. Ek vra om vergifnis vir my betrokkenheid in Jesus Naam.
- Ek bely dat deur my geloof in Jesus Christus ek sekerheid van saligheid het volgens 1 Joh. 5:11-13.
- Ek bely dat die nagmaal elemente slegs SIMBOLIES die Liggaam en Bloed van Jesus Christus voorstel.
- Ek verwerp die deelname in die fase van die Kruis.
- Ek verwerp die gebed wat in die naam van die bidsnoer gebid is.
- Ek verwerp spesifiek die fase van die Kruis wat na verwys word as “Die opneem van die Kruis”, en verwerp alle valse laste wat ek moontlik kon ontvang het deur self identifisering met hierdie fase.
- Ek verwerp alle goddelose laste/jukke wat op my geplaas is, nie deur die Here nie, maar wel deur satan.
- Ek verwerp die fase van die Kruis wat na verwys word as “Die Hemelvaart van Moeder Maria”.
- Ek verwerp alle aanbidding en verering wat Moeder Maria ontvang het deur hierdie fase van die Kruis.
- Ek verwerp alle aanbidding van Moeder Maria en haar identifikasie met die Godheid.
- Ek verwerp die fase van die Kruis wat na verwys word as “Die Bekroning van Moeder Maria” ook bekend as die “koningin van die Hemel”.
- Ek verklaar dat hierdie onskriftuurlik is en verwerp enige lojaliteit of verbintenis wat ek met die koningin van die Hemel het.
- Ek erken slegs die outoriteit en posisie van die Heilige Drie Eenheid naamlik God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

Dankie Here dat U my nou vrymaak. Dankie vir die Bloed van Jesus Christus wat my nou reinig.

Dankie vir die swaard van die Gees wat my nou los sny van die Rooms Katolieke Kerk.

Ek prys U Naam vir die **WAARHEID** wat my vrymaak!

AMEN

Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van die Sewende Dag Adventisme

Vader, dankie dat ek na U toe kan kom in die Naam van Jesus Christus, U Seun, wat vir my Sy Bloed gestort het sodat ek totale, volkome vryheid kan ervaar.

- Ek verwerp my geloof in die opinies en profesieë van Suster White. Ek bely dat die Bybel die enigste ware Woord van God is.
- Ek verwerp my geloof dat ek die Heilige Gees sou bedroef as ek nie Suster White se leerstellings aanvaar as gelykwaardig en aanvullend tot die Bybel nie.
- Ek verwerp die konsep dat dit in Adam se vermoë was om voor die sondeval self 'n geregverdigde karakter te vorm. Ek bely dat Adam volmaak regverdig was voor die sondeval. Ek erken dat die sondeval veroorsaak was deur ongehoorsaamheid aan God se bevel en op misleiding van satan en nie deur 'n swakheid in karakter nie.
- Ek verwerp die leerstelling dat sonde my nie totaal beheer nie en bely dat die Woord my leer dat elke mens in sonde ontvang en gebore is en daarom moet hy gered word.
- Ek verwerp die leerstelling dat Christus 'n natuurlike neiging tot sonde gehad het wat Hy oorwin het. Ek bely dat Christus die volle prys betaal het en dat Hy nooit gesondig het nie omdat Hy gehoorsaam was aan Sy Vader.
- Ek verwerp my geloof in die leerstelling dat met Christus se wederkoms in 1843 en 1844 daar net geestelike versoening bewerkstellig is en ook dat die finale versoening na die duisend jaar se vrede voltooi sal word.
- Ek bely dat die volle prys vir versoening op die kruishout volbring is deur die volmaakte offer van die Lam van God, Jesus Christus!
- Ek verwerp my geloof in alle wettiese navolging van die sabbat op 'n Saterdag. Ek verwerp Suster White se stelling dat Christus se eerste wederkoms was om die hemel skoon te maak van Sondag aanbidding.
- Ek vra om vergifnis vir my geloof dat alle ander gelowe wat die Sondag as 'n sabbat dag hou, vervloek is en dat hierdie mense die merk van die dier dra.
- Ek bely dat die Koninkryk van God op elke dag van die week uitgeleef moet word deur bewys van 'n heilige toegewyde lewe en dat geen bepaalde dag uitgesonder moet word nie.
- Ek verwerp die leerstelling dat die Sewende Dag Adventisme die alleen uitverkore volk is en bely dat die Liggaam van Christus opgemaak is uit elke volk, stam, taal en nasie.
- Ek verwerp die leerstelling dat daar geen hel is nie en dat die onbekeerdes slegs vernietig sal word.
- Ek verwerp die leerstelling dat die regverdiges in die hemel sal wees vir die duisend jaar van vrede.

- Ek verwerp die leerstelling dat Christus weer op die aarde sal heers met net slegs 144 000 regverdiges.
- Ek bely dat:
 - Christus weer terug aarde toe kom om satan te bind en te heers vir 1 000 jaar;
 - Alle onbekeerde siele in die hel sal wees verewig; en
 - Christus 'n nuwe aarde en 'n nuwe Jerusalem sal skep na die 1 000 jaar van vrede en Armageddon waar alle heiliges verewig in vrede kan leef.

Dankie Here, dat U Woord my pad belig en dat U Heilige Gees my leer en lei in die volle waarheid.

U Woord is die Waarheid wat my vry maak! U Bloed reinig en heilig my.

Dankie vir U vergifnis!

Ek neem die Swaard van die Gees en sny myself nou los van die Sewende Dag Adventisme Kerk in Jesus Naam!

AMEN

Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van Karate

In die Naam van die Here Jesus Christus en met die gesag wat ek as 'n gelowige in Hom besit, verklaar ek dat ek losgekoopt is uit die hand van die satan. Deur die Bloed van Jesus is al my sondes vergewe.

- Ek verwerp die twee wortels waaruit Karate gegroei het, naamlik die Sjinese gevegskunste (sluit in Kung Fu) en die Okinawese gevegskunste.
- Ek verwerp Bhodidharma ('n Indiese Zen Buddhis) wat die vernaamste teorie aangaande die Oosterse gevegskunste ontwikkel het.
- Ek verwerp enige verbintenis met die Shaolin-tempel waar karate ontstaan en ontwikkel was.
- Ek verwerp Buddha asook enige vorm van aanbidding / verering aan hom. Ek bely dit as afgodery en vra om vergifnis in Jesus Naam.
- Ek verwerp die leerstellings van Zen (Find "GOD" in yourself / Find "ENLIGHTENMENT" from within) asook elke "Kata" (reeks oefeninge wat in 'n vorm saamgevat is) wat as hulpmiddel vir meditasie gedien het.
- Ek verwerp elke dissipline van die verstand om my verstand my eie meester te maak en alle geloof wat ek in myself gehad het in Jesus Naam.
- Ek verwerp die leerstelling van Taoisme wat bepaal dat daar bonatuurlike energie bestaan wat aan alles lewe gee en aan die lewe hou. Ek verwerp hierdie "KI" energie asook elke "Kiai" wat ek met my mond geskree het om hierdie energie te aktiveer om sodoende 'n beter uitwerking op 'n tegniek te verseker.
- Ek verwerp Funakoshi (die "vader" van Karate) wat Karate ontwikkel het tot 'n praktiese wyse waarop Zen uitgeleef kan word.
- Ek verwerp die geloof in Karate: "The way of the empty hand" met die hoofdoel: perfeksie in karakter deur die verstand en die liggaam so goed te beoefen dat ek 'n nuwe vlak van bewustheid bereik.
- Ek verwerp elke vorm van meditasie naamlik:
 - a) Mukuso (let op vir spesifieke posisies, bv. lotus);
 - b) Meditasie deur normale oefensessies ("Moving Zen"); en
 - c) Meditasie deur herhaling van die grondbeginsels van karate.
- Ek verwerp die doelstellings van karate, naamlik:
 - a) Die bou van 'n beter innerlike karakter;
 - b) Die verwydering van alle egosentrisiteit;
 - c) Die dissiplinerig van die brein en liggaam;
 - d) Deur middel van meditasie ("Moving Zen") en
 - e) Student moet homself kan oorwin en leeg word van sy eie ego en sodoende 'n Zen-denkwyse ontwikkel.

- Ek verbreek elke eed wat ek afgelê het in die Naam van Jesus.
- Ek verwerp my geloof in karate as een van die vele weë wat na lewe lei en dat ek dit as 'n leefwyse aangeneem het deur my ernstige toewyding.
- Ek bely dat Jesus Christus is die ENIGSTE WEG, en die WAARHEID, en die LEWE en dat niemand na die VADER kan kom behalwe deur JESUS nie.
- Ek bely dat ek net EEN GOD dien en erken dat ek voor ander gode gebuig het (selfaanbidding ingesluit). Ek vra om vergifnis in Jesus Naam.
- Ek verwerp elke kata, elke skop en elke oorlogskreet wat ek beoefen het om demone op te roep en om hulle kragte te gebruik. Ek bely dit as 'n sonde en lê dit neer in Jesus Naam.
- Ek verwerp alle spesiale wapens asook chaka stokke wat ek gebruik het en lê hulle neer in Jesus Naam. Enige merke wat op my gemaak is tydens gevegte vra ek U, Here, om hulle te verwyder in Jesus Naam.
- Ek vra dat U die sielsverbintenis tussen my en my meester (Sen Sei - Naam is belangrik) sal sny en enige beheer wat oor my verstand uitgeoefen is sal verbreek in Jesus Naam.
- Ek gee al my range wat ek ontvang het van satan terug aan hom in Jesus Naam (ook enige spesiale toekennings / erekleure – range word gegee volgens kleur van gordels: wit, geel, oranje, bruin en swart. Eerste tot sewende Dan - hierdie vlak: "Floating Master" met status in Japan).
- Ek verwerp elke trots en selfverhoging wat deur my gewerk het asook enige geloof dat ek onoorwinlik is.
- Ek verwerp alle geeste van selfvernietiging, vernietiging, moord en die dood in Jesus Naam.

In die Naam van Jesus Christus is ek vry!

AMEN

Reinigingsgebed van die leuen en misleiding van Joga, Reïnkarnasie, Meditasie Tegnieke en Asemhalingstegnieke

Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus Christus van Nasaret en ek bely dat Jesus my Heer en Meester is. Sy Bloed het my verlos. Sy lewe is binne-in my en dat ek 'n kind van God is.

- Ek verwerp my geloof in die Wiel van die Lewe (Wheel of Life) en sny myself daarvan los in die Naam van Jesus.
- Ek verwerp my geloof in Reïnkarnasie en ek sny myself los in die Naam van Jesus van vorige lewens wat ek nou erken as spesifieke demone wat bonatuurlike kennis besit. Ek verwerp die persoonlikheid wat ek geglo het ek was (noem dit).
- Ek sny myself los van die spesifieke vlakke van geestelikheid (daar is 7 volgens New Age) wat ek bereik het en gee terug aan satan elke "gawe" en alle "wysheid" wat ek ontvang het van die boom van kennis tussen goed en kwaad.
- Ek verwerp elke god oor die spesifieke vlakke voor wie ek gebuig het, (bv. godin van die dood, mag en siekte – Kali). Ek verwerp Shiva – god van vernietiging ook bekend as god van lig (The Light of Shiva).
- Ek verwerp die hoof prins demoon oor alle oosterse godsdiens naamlik Boeddha en sny myself los van hom in Jesus Naam.
- Ek verwerp alle boeke/leesstof/video materiaal wat ek bestudeer het om meer kennis en wysheid op te doen oor Joga en Meditasie.
- In die Naam van Jesus verwerp ek my geloof in die noodlot/lotsbestemming/bestiering. Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir my sondes en erken die dief, moordenaar en verwoester (Joh. 10:10).
- Ek bely my volle afhanklikheid van Jesus Christus deur wie ek alleenlik gered kan word.
- Ek bely dat Hy die enigste weg, die waarheid en die lewe is (Joh. 14:6).
- Ek vra om vergifnis vir die ontkenning van die Bloed van Jesus wat die enigste reinigingsmiddel vir sonde is.
- Ek verwerp die juk wat ek opgeneem het met die beoefening van Joga en sny myself los van die kosmiese god Brahma. Ek verwerp my geloof in panteïsme (god in die skepping) en die mens se sogenaamde eenwording met hom.
- Ek verwerp die geloof in die "self", dissipelskap van die "self" en die "self" kan "god" wees! (Ultra Self/Real Self)
- Ek verwerp elke wilsbeoefening wat ek uitgevoer het om my verstand leeg te speel van die sigbare, kenbare wêreld ("stilling of the mind") deur oneindige reekse selfdiscipline wat my ganse bestaan in beslag geneem het waardeur ek probeer het om op te klim tot by God en om soos God te word.

- Ek verwerp alle beheer wat my siel (verstand) oor my gees gekry het (“State of God consciousness”).
- Ek bely dat ek toegelaat het dat my verstand passief geraak het en vra om vergifnis daarvoor.
- Ek onderwerp my verstand volkome aan die heerskappy van Jesus Christus alleen.
- Ek verwerp alle juk posisie wat ek gedra het om sodoende die uiteindelijke doelwit van Joga te bereik naamlik SAMADHI (“Mental Condition”).
- Ek verwerp elke “trance” toestand waar ek geheel en al onbewus geraak het van my omgewing en uiterlike dinge rondom my.
- Ek verwerp elke manifestasie wat ek uitgevoer het om die kundalini op te wek, elke offerande van aanbidding aan die vuur, son, maan en veral die “sluimerende goddelikheid” gebring, die drink van enige gewyde water, enige “mantra” tot lof en eer van die kundalini (bv. sacred Mantra, The Word of Glory, Om). Ek verwerp die kundalini-mag en beveel hom om my nou te verlaat in die Naam van Jesus! Here, ek vra dat U my werwelkolom sal reinig, al sewe vlakke waardeur hierdie kundalini mag beweeg het.
- Ek verwerp elke “tattvic” lig asook die helder kundalini lig wat ek ervaar het tydens die opwekking van die kundalini deur die verskillende chakras.
- Ek verwerp my geloof in die wette van Karma (oorsaak en effek).
- Ek bely dat Christus my vrygekoop het van die wet van die sonde en die dood en dat ek nou deur die wet van die Gees Lewe in Christus Jesus! (Rom. 8:2)
- Ek verbreek die vloek van die dood oor my in Jesus Naam en die vrees vir straf/pyniging stel ek kragteloos in my lewe. Dankie Jesus!

ASEMHALINGSOEFENINGE

- Ek verwerp die twee wortels van Hatha Joga, naamlik:

Ha	-	son
Tha	-	maan

en die vloei van die asem deur die regter neusholte (son-asem) en deur die linker neusholte (maan-asem) in die Naam van Jesus Christus.

- Ek verwerp enige kontrole oor my asemhaling. Ek verbreek elke spesifieke asemhalingstegniek wat ek gebruik het (noem dit).
- Ek verbreek die hipnotiese krag van die asemhalingstegnieke in Jesus Naam!
- Ek verwerp my geloof in prana yama (asem positiewe lug in en blaas negatiewe lug uit) en dat hierdie prana yama my liggaam weer opgebou het met energie (vital energy – prana).
- Ek verwerp elke reinigingsoefening van my senuweekanaal (nadis) en my verstand waaraan ek deelgeneem het.

- Ek verwerp elke joga posisie (asana) waar demone my binnegedring het en beveel elke demoon om my nou te verlaat in Jesus Naam! (Wees spesifiek en noem posisies – gewoonlik Kobra, Lotus en Poustand. 12 basiese asanas word vir Westerse Yogis aanbeveel).
- Ek verbreek die koppeling tussen elke joga posisie, my senuweestelsel en my verstand in Jesus Naam.

MEDITASIE

- Ek verwerp die lotus posisie as 'n familiêre voorwerp vir meditasie om my konsentrasie te bevorder. (Kan ander posisies/voorwerpe wees.)
- Ek verbreek die koppeling tussen die:
 - Demoon van meditasie;
 - Die familiêre voorwerp gebruik (kan lotus posisie wees);
 - Die demoon van fantasie en verbeelding;
 - Die demoon van bewussyn; en
 - Die demoon van onbewussyn, semi- en onderbewussyn.

In Jesus Naam!

- Ek verbreek die verslawing aan die afgod van meditasie in die Naam van Jesus.
- Ek verbreek enige kontrakte met kosmiese vibrasies wat my siel versprei het en beveel my siel om terug te keer van die sewe kosmiese vlakke in Jesus Naam.
- Ek verbreek die vloei van krag en valse eenheid (Yin en Yang) wat deur my vingers gevloei het. Ek trek hulle uitmekaar uit en isoleer die demoniese magte van mekaar.
- Ek verbreek die koppeling met alle kosmiese kragte in Jesus Naam!
- Ek vernietig die energievlakke in die Naam van Jesus.

MUDRAS

- Ek verwerp hierdie spesiale tegnieke waaraan ek deelgeneem het om die slapende latente mag (kundalini) op te wek en uit te dryf in die sentrale buis van die senuweekolom.
- Ek verwerp my geloof in my Guru/Meester (deva) en my onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan hom/haar. Ek sny die sielsverbintenis met (naam) af en maak myself los van hom/haar in Jesus Naam.
- Ek verwerp alle psigiese kragte/gawes in die Naam van Jesus en maak die derde oog toe (Seat of Shiva).

Dankie Here, dat U my nou vrymaak. Dankie Jesus, dat U **alles** vir my gedoen het om regverdig te staan voor ons Vader in die Hemel. Ek weet nou dat dit slegs U Bloed is wat my reinig en aan my die reg gee om in die Allerheiligste te kom. Ek bely dat ek minder moet word sodat Christus meer kan word in my lewe. Ek plaas myself volkome gees, siel en liggaam onder U heerskappy. U is waarlik die **ENIGSTE WEG, DIE WAARHEID EN DIE LEWE** tot in alle ewigheid! Dankie vir die **WAARHEID** wat my vry maak!

AMEN

Beraders

Areas wat aangespreek moet word:

- *Trots*
- *Selfverheffing*
- *Godsdiensgees*
- *Antichris*
- *Valse Christus*
- *Veroordeling*
- *Anoreksie*
- *Selfpyniging*
- *Marteling*
- *Erge depressie*
- *Wanhooop*
- *Selfmoordneigings*
- *Pyne in bene (hele liggaam)*
- *Rugpyn*
- *Kwaai hoofpyne*
- *Binding oor verstand*
- *Hulpeloosheid*
- *Ontsettende skuldgevoelens*
- *Selfverdoeming*

Gebed vir Genesing van Herinneringe (Maak hierdie jou persoonlike gebed)

Vader, ek dank u vir U Seun Jesus wat aan die kruis gesterf het, nie alleen vir my sonde nie, maar ook vir my hartseer (kneusplekke) en vrese. Ek dank U dat Jesus dieselfde is, gister, vandag en verewig, en dat Hy wil hê dat ek volkome heel moet wees: gees, siel en liggaam. Here Jesus, ek vra dat U sal terugstap, elke sekonde van my lewe en dat U my sal genees en my heel sal maak. Ek vra dat U tot in die derde en vierde geslag sal teruggaan en alle skadelike genetiese verbintnisse sal verbreek.

Jesus, U het my geken nog voor my geboorte. Dankie dat u daar was toe my lewe begin het. Bevry my van vrees of enige ander negatiewe magte wat aan my in die moederskoot oorgedra kon word. Dankie, Here Jesus, dat U daar was toe ek gebore is, en dat U my liefhet. Here Jesus, vul my, vanaf die eerste oomblik met U kosbare liefde.

Here, stap terug deur elke sekonde gedurende daardie eerste jare van my lewe. Jesus, gaan terug en vul elke leemte en gee die liefde wat ek nooit ontvang het nie. Verwyder elke seer plek en elke gevoel van verwerping. Verwyder alle vrese: vrees vir die donker, vrees vir val, vrees vir diere en vrees om te verdwaal. Ek dank U Jesus dat U my bevry en my genees. Dankie dat ek deure kan toemaak as gevolg van T.V. en Video's.

Ek bid Here dat U my hand sal vat, teruggaan in tyd en saam met my skool toe sal stap. Somtyds was ek skaam en bang om die huis te verlaat en nuwe situasies die hoof te bied. Jesus, daar was tye dat ek bang was vir mislukking op skool, verlos my asseblief van daardie herinneringe. Wanneer 'n onderwyser op my geskel het, of klasmaats my seergemaak het, genees asseblief daardie seer. Sommige vrese het gedurende daardie eerste skooljare ontstaan: vrees om in die openbaar te praat en vrees vir mislukking. Dankie dat U daardie seer plekke genees en my van die vrese bevry. Ek dank en prys U.

Here Jesus, ek dank U vir my ma. Ek vra dat U tussen my en my ma sal staan en dat U Goddelike liefde tussen ons sal vloei. Ek vra vergifnis vir my ma, vir enige manier waarop ek haar kon seer maak of haar kon gefaal het. Ek vergewe haar vir enige manier waarop sy my seer gemaak of gefaal het.

Here Jesus, dankie vir my pa. Staan tussen my en my pa. Ek bid dat U Goddelike liefde elke gebroke verhouding sal heel. Ek vra vergifnis vir my pa, vir enige manier waarop ek hom kon seer maak of faal. Ek vergewe ook my pa vir enige wyse waarop hy my kon seermaak of faal.

Ek lig my broers en susters op na U. Waar daar enige kompetisie, jaloesie of bitterheid was, vra ek dat U genesende krag en liefde elke gebroke verhouding sal heel. Ek vergewe elke broer en suster wat my seer gemaak of gefaal het, ook vra ek hulle vergifnis waar ek hulle seer gemaak of gefaal het.

Dankie Here, dat U ook daar was gedurende my tienerjare en toe ek in die Hoërskool was. Daar was nuwe emosies en vrese. Soos ek elke pynlike herinnering terugroep, vra ek dat U die pyn sal verwyder en my genees. Ek dank U vir U beskermende Hand, toe ek gevaarlike dinge aangevang het. Verwyder enige gevoel van vernedering, verleentheid, skuld, vrees of mislukking. Wys my dat U my liefgehad het en dat U daar was in elke situasie. (Vir die jongmense wat met dwelmmiddels geëksperimenteer en daardeur hul verstand benewel het, Here Jesus ons bid dat U die skade sal herstel. Laat hulle weer helder dink en skenk hulle U genesing. Laat ook elkeen van hulle besef dat U hulle liefhet en dat U die verlede kan uitwis.)

Soos elkeen van ons begin het om die huis te verlaat, was daar nuwe vrese, frustrasies of hartseer. Jesus, genees elke teleurstelling en al die hartseer.

Dankie dat U daar was toe ek getroud is. Jesus, verwyder asseblief enige seer. Ek bid dat U tussen my en my maat sal staan en elke seer kry sal genees. Ek vra my maat om vergifnis vir die kere wat ek jou seergemaak het en ek vergewe jou vir die kere wat jy my leed aangedoen het. Here Jesus, deur U Goddelike liefde, dank ek U dat U elke stukkende verhouding herstel en al die seer wegneem. Waar daar bitterheid en eensaamheid was, neem al die negatiewe gevoelens weg. Genees die diep wonde en wis die pynlike herinneringe uit. Jesus, vul my maat met U vergifnis, U liefde en genesende krag.

Dankie Here vir my kinders. Verwyder elke gevoel van mislukking en skuld wat ek as ouer het. Die kere wat ek onoordeelkundig gestraf het, ek te besitlik was met my liefde of woorde van kritiek en in woede gesê het, bid ek dat U enige skade sal herstel. Ek vra hulle vergifnis en vergewe hulle vir die hartseer wat hulle my besorg het.

Here, ek dank U dat U daar was gedurende ongelukke, siekte en operasies. Ek vra dat U nou die gruwelikheid, die vrees en herinneringe van die pyn sal wegneem. Verlos my van die trauma wat ek ervaar het. Dankie dat U daar was in tye van smart, dat U my hand geneem en saam met my deur die vallei gestap het. Dankie dat U die las verlig het. Die hartseer, pyn en rou weggeneem het. Dankie dat U my U vreugde en vrede geskenk het.

Here Jesus, dankie dat U nou teruggestap het deur elke sekonde van my lewe tot op hierdie oomblik. Dankie dat U my genees het van al my hartseer, vrese, pynlike herinneringe, my skuldgevoel en dat U my daarvan verlos het. Dankie dat U my met U liefde vul. Help my om myself lief te hê. Help my om ander lief te hê. Bo alles, help my om U lief te hê soos ek moet.

Ek dank U vir U vreugde en vrede wat U my skenk. Dankie Jesus! Ek dank U dat U in die donkerste hoekies van my verstand ingaan en my reinig. Dankie dat U my verstand, my emosies en my herinneringe genees.

Dankie, Jesus, dat U my weer heel maak. Ek gee U al die lof en die eer!

AMEN

